Saam boer ons vooruit

Gewasbeskerming | Plantvoeding | Presisiedienste

Agent kontakbesonderhede



# Slabbie Slabber

## Area: Durbanville/Swartland/Sandveld

**T: 073 117 9706 / E: slabbie@laeveld.co.za**

**Gewasse:** Kleingrane & aartappels

Slabbie Slabber het op die plaas naby Hopefield grootgeword. Hy het sy skoolloopbaan by Laerskool Hopefield en Hoër Landbouskool Boland in die Paarl voltooi. Slabbie is 'n kranige sportman wat op skool vir die eerste tennisspan gespeel het en ook vir die eerste rugbyspan uitgedraf het. Ná skool het hy vir die Boland Kavaliers se onder 19- en onder 21-spanne gespeel.

Die landboubloed vloei sterk deur sy are, want sy pa was nog altyd in die landboubedryf betrokke en is die eienaar van Holvlei, hulle familieplaas, waarop daar nou al deur die vyfde geslag geboer word.

Na skool het Slabbie by Wellington CPUT 'n B.Tech.-graad in Diereproduksie en Akkerbou verwerf. Daarna het hy vir drie jaar in Amerika op 'n koring-, kanola- en sojaboonplaas gewerk, terwyl hy ook sy gewasbeskermingskursus aanlyn by CropLife SA voltooi het. Slabbie het saam met sy pa geboer en is tans besig om die BASOS-kursus te voltooi.

Slabbie het in die afgelope jaar opleiding as Veldtegnikus by Agri Technovation ontvang. Hy is baie positief oor die sterk tegniese ondersteuning wat Agri Technovation bied. "Hierdie span ondersteun my om waarde op boere se plase toe te voeg. Dit maak my opgewonde om te sien in watter tegnologie en produkte belê word, asook die ontsettende groot reeks plantvoedingsprodukte wat hulle aanbied."

Slabbie hou daarvan om te boer en het 'n passie ontwikkel vir die Kaaps-Hollandse manier van boer met grane en skape. Sy ander passie is om mense te help, en so het hy na 'n manier gesoek om dit te kombineer. Hy dien op die bestuur van Hopefield se Landbouvereniging en is baie betrokke by verskeie gemeenskapsaktiwiteite.

Hy is getroud met Kyla en hulle het twee pragtige seuns. Slabbie is baie aktief en hou daarvan om te draf en om 'n gesonde leefstyl te handhaaf. Verder het hy ook al die Trans Agulhas-bootresies twee keer voltooi, waarin hy onderskeidelik 'n eerste en tweede plek verwerf het. As gesinsman glo hy dat naweke familietyd is. ***"Ek glo dat ons maar net die grond waarop ons boer by ons kleinkinders huur en dat ons dit so goed as moontlik moet oppas, en nou al daarin moet belê vir die geslagte wat kom."***

**Slabbie gaan in die Swartland- en Sandveld-gebied werk, waar hy in kleingrane en aartappels wil spesialiseer. Hy het besef dat dit sy roeping is toe 'n derde vriend vir hom gesê het hy moet 'n Landbou-Adviseur word.**

Hy wil 'n verskil maak deur waarde toe te voeg en boere se insetkoste, wat op die oomblik hulle grootste uitdaging in dié gebied is, te verminder. Met eerstehandse ervaring van die dinge waarmee hy en sy pa sukkel, wil hy graag die boere help om tegnologie en presisieboerderypraktyke so goed en koste effektief as moontlik toe te pas.

***"Ek wil graag al my energie, kennis en dienste aan soveel boere as moontlik oordra. My vernaamste doelwit is om die boer op die plaas te hou, daar is deesdae talle uitdagings en 'n baie klein marge om foute te maak.***

Slabbie wil mense help om ingeligte besluite te neem en hulle risiko's te verminder, sodat hulle vorentoe kan boer en kan konsentreer op dit waarmee hulle goed is. *"Só kan hulle die grond eendag met 'n geruste hart aan hulle kinders oorgee."*

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

**www.laeveld.co.za**